



*Johannes Calvyn*
*Kerkhervormer*



*S.J. du Toit*

# INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD ..... 1

INLEIDING ..... 3

**HOOFSTUK 1: S.J. DU TOIT (1847-1911) SE CALVINISTIESE ORIëNTASIE EN BEÏNVLOEDING ..... 7**

1. HUISLIKE AGTERGROND EN STUDIEJARE ..... 8
2. DS. G.W.A. VAN DER LINGEN SE INVLOED ..... 10
3. S.J. DU TOIT NA DIE TEOLOGIESE KWEEKSKOOL ..... 15
4. S.J. DU TOIT WORD TEOLOOG EN EVANGELIEDIENAAR, 1872 ..... 18
5. VERDERE TEOLOGIESE BEÏNVLOEDING ..... 23

**HOOFSTUK II: DIE GEREFORMEERDE DRIE-EENHEIDSLEER EN S.J. DU TOIT ..... 49**

1. DIE GOD VAN DIE HEILIGE SKRIF IS DRIE-ENIG ..... 50
2. DIE TRINITEITSLEER IN DIE BELYDENISSKRIFTE VASGELê ..... 60
3. DIE DRIE-EENHEIDSLEER GEFORMULEER ..... 67

**HOOFSTUK III: DIE TRINITARIESE DENKE VAN S.J. DU TOIT ..... 99**

1. DU TOIT EN DIE DRIE-ENIGE GOD SELF ..... 99
2. DU TOIT EN DIE TRINITEITSLEER ..... 101
3. DU TOIT EN DIE PINKSTERBOODSKAP, 1891 ..... 103
4. DU TOIT EN DIE WESENSTRINITEIT ..... 105
5. DU TOIT EN DIE OPENBARINGSTRINITEIT ..... 110

6. DIE TRINITARIESE BEDELINGS EN DIE GESKIEDENIS VAN DIE GODSRYK ..... 116

**HOOFSTUK IV: DIE GEREFORMEERDE OPENBARINGSLEER EN S.J. DU TOIT ..... 129**

1. DIE OPENBARINGSSUBJEK ..... 129
2. DIE OPENBARINGSOBJEK ..... 131
3. DIE OPENBARINGSINHOUD ..... 133
4. DIE TESTIMONIUM SPIRITUS SANCTI GENERALE EN SPECIALE ..... 152

**HOOFSTUK V: S.J. DU TOIT EN DIE BESONDERE OPENBARING ENGENADE ..... 161**

1. DIE ABNORMALITEIT VAN DIE MENSHEID ..... 163
2. DIE LIEFLIKE LEER VAN DIE UITVERKIESING (SUA VIS DE ELECTIONE DOCTRINA) ..... 167
3. DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE MENS ..... 178
4. SOTERIOLOGIE EN DIE INWONING VAN DIE HEILIGE GEES ..... 180
5. SPURGEON INSPIREER S.J. DU TOIT TEN OPSIGTE VAN DIE INWONING VAN DIE HEILIGE GEES ..... 186
6. JOHN OWEN EN DIE HEILIGE GEES AS DIE INWONENDE PERSOON ..... 189
7. KUYPER EN CALVYN EN REGSTREEKSE GEMEENSKAP TUSSEN DIE DRIE-ENIGE GOD EN SY GELOWIGES ..... 191

**HOOFSTUK VI: PRAKTIESE GODSALIGHEID - DIE HEILSAME UITWERKING VAN GOD IN ONS ..... 201**

1. DU TOIT EN PRAKTIESE GODSALIGHEID ..... 203





**HOOFSTUK VII: S.J. DU TOIT EN DIE ALGEMENE OPENBARING EN GENADE ..... 229**

1. DU TOIT EN DIE "EIE" FUNKSIE VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE ALGEMENE OPENBARING EN GENADE ..... 232
2. EERSTE PLEIDOOI VIR AFRIKAANS OP GODSDIENSTIGE GRONDSLAG ..... 235
3. CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS ..... 245
4. DIE HEILIGE GEES EN CHRISTELIKE STAATKUNDE IN SUID-AFRIKA ..... 250
5. S.J. DU TOIT EN PRESIDENT KRUGER ..... 259
6. DIE TRANSVAALSE ANNEKSASIE EN EERSTE VRYHEIDSOORLOG ..... 260
7. DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG EN S.J. DU TOIT SE PRINSIPIëLE SIENING DAAROMTRENT ..... 262
8. VOLKSIDEALE DEUR S.J. DU TOIT GEFORMULEER EN DEUR STAATSMANNE VAN LATERE TYE GEKONSOLIDEER . 273
9. IN 1905 VERSKYN GUSTAV PRELLER OP DIE AFRIKAANSE TAALTONEEL ..... 275
10. FINALE TRIOMF VAN AFRIKAANS EN DIE AFRIKANERSAAK ... 276

SAMEVATTING ..... 281

BIBLIOGRAFIE ..... 295

# VOORWOORD

Die vyftien boekdele van die beroemde kerkvader van die 4de eeu, Aurelius Augustinus, oor die Heilige Drie-eenheid, het begin met die woorde:-

"Hierdie dissertasie oor die Drie-eenheid is geskrywe om te waak teen die valshede van diegene wat daarvoor terugdeins om met kinderlike geloof in God te begin, terwyl hulle hulleself bedrieg met 'n perverse liefde vir die verduisterde rede van die mens wat selfs die Godheid wil probeer verstaan."

In hierdie persuitgawe gaan dit om Ds S.J. du Toit (1847-1911) se onbekende maar waardevolle Calvinistiese benadering van die leer van die Heilige Drie-eenheid - die soewereine God van hemel en aarde, van die Bybel en van die ganse Christendom, die Vader, die Seun en die Heilige Gees as één Drie-enige God in ons, sonder Wie ons vir ewig verlore sou wees en die hemel ook nie meer sou wees wat dit is nie.

Daarom moet die tragiek van die eeue eintlik wêreldwyd betreur word dat dié leer omtrent die inwonende, Drie-enige God nog altyd 'n meer **bestrede** as **belede** leer was (T.N.Hanekom).

Die enorme belangrikheid van die Drie-eenheisleer is dat God Homself juis so aan die mensheid geopenbaar het: "Gott der ist als der er sich offenbart"[1]

In sy selfopenbaring kom die God van almag en liefde langs twee weë na ons toe - die weg van sy natuur en die weg van sy Skriftuur; die algemene en besondere openbaring. Albei is bonatuurlik want dit spreek van 'n bonatuurlike Wese, wat Hom in die natuur en in die Skrif openbaar. Daar is variasie maar geen skeiding nie (Augustinus), omdat die één Goddelike Wese met drie absoluut gelykwaardige Persone en Werk (Warfield) - die Skepper, Herskepper en Voleinder van alles is.

Dit is die Calvinistiese siening volgens die Skrif. Rome skei natuur en genade, die natuurlike lewe van die godsdiens. Dit doen die skrifgetroue Calvinisme nie.

Hy onderskei wel tussen wat dieselfde Drie-enige God op die gebied van die natuur aan alle mense wil doen en wat Hy op geestelike gebied kragtens sy soewereine, besondere genade aan die mens as verloste sondaar wil doen.

Hierdie belydenis van die God van die Skrif "uit Wie en deur Wie en tot Wie alle dinge is" (Rom. 11:36), Wie se heerskappy met algemene en besondere genade oor die ganse linie van die lewe strek, was ook die belydenis van Ds. S.J. du Toit, 'n Calvinis van formaat, wat in sy tyd 'n byna eensame kampvegter vir die oorgelewerde, gereformeerde leer van die vaders was en in alles "God geërbiedig" wou sien - in kerk, staat en maatskappy - soos ons o.a. in die laaste hoofstuk sal aandui.

Met hierdie allerbeste, verhewenste en aangrypendste onderwerp waarmee 'n nietige mens besig kan wees naamlik, die Drie-enige God in ons, wil ons in die geselskap van Ds S.J. du Toit besig wees om te probeer vasstel hoe hy, onder invloed van die Skrif, die Belydenisskrifte en van sommige van die grootste gereformeerdes van alle tye gestalte daaraan gegee het. Met sidderende blydskap en stille aanbidding wil ons saam met S.J. du Toit en na hom, Karl Barth van hierdie eeu, pertinent van die Persoon van die Drie-enige God gloedvolle erkenning verleen en onverkort saam met Du Toit uitroep: - O Gees van God maak ons meer en meer geskik "voor den vollen omgang met den Drieënigen God, eeuwiglijk in ons".[2]

Onuitspreeklike dank en waardering bring ons aan God en aan almal wat ons so uitmuntend bygestaan het.

Opgedra aan Annatjie - my eggenote

P.J. LOOTS

1. Weber, O: Grundlagen der Dogmatik, 1, 399.
2. Du Toit, S.J.: De Huiskerk, 203.



# INLEIDING

In die manjifieke teater van Sy groot heelal en Sy Heilige Woord, is die lewende God te sien soos Hy is, want daarin het Hy Homself geopenbaar soos Hy is. Heel in die besonder het Hy Hom in Christus Jesus aan die mensheid geopenbaar sodat Hy kon sê: "Die ware God het my gestuur" (Joh. 7:28) en "Wie My sien, sien die Vader" (Joh. 14:9).

Die kern van hierdie waarheid wat die lewe en teologiese denke van ds. S.J. du Toit beheers het en waaraan ons prominensie wil gee, is die feit van die regstreekse inwoning van hierdie Drie-enige God, deur die Heilige Gees, in die gelowiges en in die Kerk van Jesus Christus. Du Toit skryf: "Reeds vroeger erkenden wij, dat Spurgeon in Gods hand het middel was om onze oogen te openen voor de heerlijke waarheid van de inwoning des Geestes in den gelovige en in de gemeente".[1]

Van hierdie inwoning van die "plaasvervanger" van Jesus Christus in die dissipels - die ander Trooster - skryf Spurgeon met soveel oorgawe en oortuigingskrag dat ons dit woordeliks moet aanhaal. Trouens, dit kom juis voor in die boodskap, waarvan ds. Du Toit getuig het[2] dat, van alles wat hy omtrent die werk van die Heilige Gees, as inwonende Persoon, gelees en gehoor het, hierdie preek van Spurgeon oor Joh. 14:16,17, die grootste invloed op hom gehad het: "What would that little company of disciples have been as they went through the streets of Jerusalem without their Lord? Conceive Him absent and no other Paraclete to fill His place, and you see no longer a powerful band of teachers equipped to revolutionize the world, but a company of fishermen, without intelligence, a band which in a short time will melt under the influence of unbelief and cowardice. Christ was all in all to His people while He was here. Now, all that Jesus was, the Spirit of God, is now to the church. He is another Paraclete to abide with us for ever. If there be this day any power in the church of God, it is because the Holy Spirit is in the midst of her ... Jesus has not left you orphans; He has gone, but He has an equally divine Substitute, the Holy Spirit - it is a part of the Spirit's work to make us understand what Jesus taught.

He has come down from heaven, and has never gone back again. He is always here to be called upon to work in us ... Honour the Spirit of God as you would honour Jesus Christ, if He were present. If Jesus Christ were dwelling in your house you would not ignore Him; you would not go about your business as if He were not there. Do not ignore the presence of the Holy Ghost in your soul. Reverence the august Guest who has been pleased to make your body His sacred abode. Love Him, obey Him, worship and adore Him. Never say a word against Him, lest thou be found guilty of that sin against the Holy Ghost, which shall never be forgiven, neither in the world nor in that which is to come. On the other hand - all the salvation of a sinner lies in Jesus, and when the Spirit of God brings Jesus to the heart, He brings salvation."[3]

Die inwoning van God in sy uitverkore, verloste kinders en in Sy kerk, met wyd-uitkringende implikasies, is ook die kern van die gereformeerde beginsels van die Calvinisme waarvoor S.J. du Toit hom lewenslank beywer het.

Sy energieke optrede in dié verband het juis plaasgevind in 'n tyd van teologiese insinking in Europa en in Suid-Afrika, gedurende die 19e eeu waarin hy geleef het.

Met geestelike skerpsinnigheid het hy die tekens van die tyd verken en die agteruitgang van die Calvinistiese wêreld- en lewensbeskouing op die gebied van kerk en staat betreur.

As byna eensame, jong kampvegter vir die gereformeerde leer van die vaders, het hy op byna alle terreine van die volks- en kerklike lewe begin optree en leiding probeer gee.

As gevolg hiervan het daar dan ook, gedurende die tweede helfte van die 19e eeu, 'n beskele maar uitgebreide beweging in die Nederduitse Gereformeerde Kerk op dreef gekom.

Daar was 'n geritsel van nuwe lewe in die gereformeerde tradisie, wat geestelik en kultureel wou aansluit by die beste van wat vorige eeue aan skatte opgelewer het.



Ds. S.J. du Toit was daarin die voorganger gewees. Hy skryf aan die einde van die 19e eeu: "Er is ongetwijfeld in den laatsten tyd eene herleefde belangstelling in de gereformeerde beginselen, waarneembaar in ons land."[4] Hierop sal ons later moet ingaan - ook op J.D. du Toit (Totius) se mededeling dat Abraham Kuyper, die vriend van S.J. du Toit, op 'n stadium, ernstig daaraan gedink het, om na Suid-Afrika te emigreer, omdat hy destyds gewanhoop het aan die heropkoms van die Calvinisme in Nederland.[5]

'n Mens kan alleen daaroor bespiegel, wat so 'n moontlikheid vir Du Toit en sy volk en kerk, moes ingehou het, aangesien Kuyper (1837-1920) en hy (1847-1911), destyds voortdurend met mekaar gekorrespondeer het,[6] terwyl hulle nie net tydgenote nie, maar ook Calvinistiese geesverwante was.

As Calvinis, wat die heerskappy van God oor die ganse linie van die lewe erken het, het S.J. du Toit, moontlik onder beïnvloeding van Kuyper, sinvol belang gestel in die besondere, maar ook die algemene openbaring en genade van God aan mense. Hy het bv. van jongs af 'n kragtige stryd gevoer vir die erkenning van sy eie, Godgegewe Afrikaanse taal. 82 jaar voor nasionale republiekwording in Suid-Afrika, het die versiende Du Toit, ook al begin ywer vir die vestiging van 'n eie nasionale volksbestaan met 'n republiek op Christelike grondslag onder eie vlag.[7] Dit het hy gedoen, al was staat, kerk en maatskappy nie altyd saam met hom bewus van al die gevare wat die taal, die volk en die kerk destyds bedreig het nie.

Vir 22 jaar, tot aan die einde van sy lewe, was Du Toit, teen die sin van byna alle mense, ook besig met die vertaling van die Bybel in Afrikaans.

Hoe hy dit alles gedoen het en daarmee vir homself verguising op die hals gehaal het, is 'n verhaal wat deur D.A. Scholtz op verdienstelike wyse vertel is.[8]

Ds. S.J. du Toit het die "oorgelewerde leer van die vaders"[9] hoog aangeslaan. Met die skerpte van sy gees het hy, soos min ander teoloë van sy tyd, die essensie van die Skrif en die Calvinisme, suiwer trinitaries, probeer verken en hom sterk daarvoor beywer, maar dit is 'n verhaal wat in die Suid-Afrikaanse teologie-geskiedenis nog nie ontvou is nie.

## VERWYSINGS


1. Du Toit, S.J.: De **Getuige,** 1892, 225.
2. Du Toit,S.J.: De **Getuige,** 1892, 225.
3. Spurgeon, C.H.: The Treasury of the New Testament, vol. II, 527.
4. Du Toit, S.J.: Evangelische Gezangen aan Gods Woord getoetst. Voorwoord 11.9.1896.
5. Venter, Hertzog: Totius Versamelde Werke, 6.56.
6. Ons is persoonlik in besit van fotostatiese afdrukke van 'n uitgebreide korrespondensie, tussen Du Toit en Kuyper, wat as deel van die Kuyperversameling, in die Argief van die Vrye Universiteit te Amsterdam, bewaar word.
7. Du Toit, J.D.: S.J. du Toit in Weg en Werk, 187.
8. Scholtz, D.A.: Ds. S.J. du Toit as Kerkman en Kultuurleier.
9. Du Toit, J.D.: a.w., 375.




# HOOFSTUK 1

## S.J. DU TOIT (1847-1911) SE CALVINISTIESE ORIëNTASIE EN BEïNVLOEDING

Daar is alle aanduidings dat S.J. du Toit, latere kampsvegter vir die Calvinisme en in die besonder die Drie-eenheidsleer, van jongs af in die gereformeerde tradisie opgevoed en geskool is.

Behalwe sy Chiliastiese beskouings omtrent die Eskatologie, waaromtrent hy 'n kind van sy tyd was, toon sy geskrifte 'n opvallende regsinnige gehegtheid aan die Heilige Skrif en die Belydenisskrifte, wat aan hom 'n gereformeerde koersvastheid en konsekwentheid van teologiese denke gegee het, wat ons van naderby moet beskou.

As daarby gedink word aan sy intense, kritiese betrokkenheid by die draaikolk van afwykende teologiese strominge van die 19e eeu in Europa en in Suid-Afrika, dan wil dit voorkom asof hy tegelykertyd 'n byna eensame kampvegter vir die gereformeerde leer van die vaders en bestryder van die teologiese afwykings van sy tyd was, en dat hy, as gevolg daarvan, nie 'n persona grata by die oorgrote meerderheid van sy ambivalente predikante-kollegas was nie.

Dit het meegebring dat sy eie teologiese denke, waarmee hy 'n gereformeerde verwerking van die geopenbaarde Drie-eenheidsleer ten doel gehad het, in verge-telheid geraak het, en tot op datum nog nie in regte perspektief geplaas is nie.

148 Du Toit, S.J.: Stemmen des Tijds, Juli 1906, 3.
149 a.w., 3.
150 a.w., 3.
151 a.w., 1.
152 Kahn, E.: The History of the Administration of Justice in the South African Law Journal (S.A.L.J.). 406. Juta, Kaapstad 1958.
153 a.w., 406.
154 Nathan, M.: The Republican Bench and Bar. Art. in the South African Law Times. Hortons Kaapstad 1932.
155 Nathan: a.w., 14.
156 Kahn: a.w., 407. Soos hy aanhaal uit De Notulen Eersten Volkraad Pretoria Arts. 126-9. 61-3.
157 Kahn: a.w., 407.
158 Leyds, G.A.: A History of Johannesburg. 104.
159 a.w., 105.
160 a.w., 71.
161 a.w., 71.
162 Postma, F.: Paul Kruger. 80.
163 Du Toit, S.J.: Stemmen des Tijds, Juli 1906, 4.
164 Postma, F.: a.w., 80.
165 a.w., 80.
166 a.w., 100.
167 a.w., 108.
168 a.w., 108.
169 Du Toit, S.J.: Stemmen des Tijds. 1906, 3.
170 a.w., 4.
171 Die Afrikaanse Patriot. 16 Junie 1882.
172 Jonker, W.D.: a.w., 51.
173 Du Toit, J.D.: a.w., 189.
174 a.w., 189.
175 Du Toit, S.J.: De Huiskerk, 337.



# SAMEVATTING

In die 19de eeu het 'n draaikolk van botsende teologiese strominge in Europa en in 'n mate ook in Suid-Afrika hoogty gevier.

Soos sy vriend Abraham Kuyper, (1837-1920) in Nederland, het S.J. du Toit (1847-1911) in Suid-Afrika, egter aan die suigkrag van dié draaikolk ontkom en eerder weerstand daarteen gebied.

Met die doelbewuste verengelsingsproses van die destydse Engelse owerheid in Suid-Afrika, het S.J. du Toit hom die lot van sy volk op taalkundige, opvoedkundige en staatkundige gebiede aangetrek en in sy laat-twintiger jare reeds al as taalstryder, stigter van die Afrikanerbond en vegter vir die Calvinisme op alle terreine van die lewe leiding begin neem; en so positief-teosentries was hy daaromtrent ingestel, dat hy i.v.m. die verkryging van 'n republikeinse regeringsvorm vir Suid-Afrika, dit as "onder de leiding Gods in onze geschiedenis geworteld",[1] bestempel het.

Met buitengewone leierseienskappe bedeel, het hy van jongsaf die "hele volk tot ontwaking" probeer lei.

En, al lyk dit of hy sy volk in verband met die Drie-jarige Oorlog in die steek gelaat het, moet gesê word dat hy, juis ter voorkoming van die oorlog, op prinsipiële grondslag, soos hy dit gesien het, die Volksraad van Transvaal geopponeer het, omdat hulle so traag was om weg te beweeg van diskriminasie teen die uitlanders, wat hulle goud uit die aarde kom haal het, maar nie stemreg gehad het nie.

Met sy Hugenote-afstamming, wat vir hom 'n bron van besieling was,[2] en Calvinistiese beïnvloeding, wat op hom ingewerk het, was S.J. du Toit 'n groot bewonderaar van "die oorgelewerde leer van die vaders" gewees.

Dit was vir hom die onvervalsde Christendom, soos sy geskrifte volop daarvan getuig.

Immers "met 'Gereformeerd' word niets anders bedoeld dan het echte, zuivere Christendom".[3]

Ds. Du Toit het dan ook alles in sy vermoë gedoen om die suiwere Gereformeerde leer van die vaders "weer op die kandelaar geplaas te kry", maar die oorwig van teologiese ambivalensie of tweeslagtigheid of vervaging van die leerstellige grenslyne, het sulke afmetings aangeneem, dat S.J. du Toit se ware konsekwente gereformeerdheid, selfs deur sommige predikante, as 'n vreemdheid aangesien was, wat liewer links laat lê moes word. Die Arminiaans-geïnspireerde Metodistiese neigings in die godsdiens, het blykbaar te sterk geword.

Toe Du Toit byvoorbeeld op voetspoor van Kuyper, daarvoor geywer het, dat die ewige beginsels van Gods Woord ook op staatkundige gebied erken moes word, soos hy later daarin deur Paul Kruger nagevolg is, het J.H. Hofmeyr, "Onze Jan" en sy mense, die grondwet van S.J. du Toit vir die Afrikanerbond, as te "dogmaties" bestempel, en dié bepaling uit hulle eie latere grondwet weggelaat.

Al die pleidooie van S.J. du Toit vir 'n suiwere visie op ware gereformeerdheid, het by die teologiese milieu in Suid-Afrika destyds, eenvoudig nie ingepas nie. Daarom het sy groot teologiese nalatenskap byna totaal in vergetelheid geraak.

Dis geen wonder nie, want in Nederland het die heropkoms van die Calvinisme, in beperkte sin, eers weer in 1880 met die stigting van die Vrye Universiteit van Amsterdam onder leiding van Abraham Kuyper vorm aangeneem.

In Suid-Afrika is die Apologetiese rigting van Doedes, die antitrinitariër, en Van Oosterzee eers in 1920 onder leiding van prof. B.B. Keet deur die gereformeerde dinksisteem van die Vrye Universiteit vervang.

In teenstelling hiermee het S.J. du Toit al in 1880 oorsee gegaan om die opening van die Vrye Universiteit te gaan bywoon, alhoewel die boot hom nie betyds daar gebring het nie.



Die gebrek aan belangstelling in die oorgelewerde Gereformeerde leer van die vaders, het by die oorgrote meerderheid van predikante in die destydse Nederduitse Gereformeerde Kerk, sulke afmetings aangeneem dat ds. W.P. de Villiers, tydens die Sinodesitting van 1886, tevergeefs probeer het om belangstelling in die heropkoms van die Calvinisme, soos dit in die teologiese rigting van die Vrye Universiteit van Amsterdam beliggaam was, op te wek.

Nogtans het S.J. du Toit hom tot by sy dood, vir die ware, Godverheerlikende, Gereformeerde leer van die vaders beywer, terwyl hy soos niemand anders nie, behalwe prof. John Murray, deurgaans teen die mensverheerlikende leer van die Arminianisme, wat eie aan alle Metodisme was en is, stelling ingeneem het.

As A. Kuyper volgens J.D. du Toit "die grootste Calvinis van die 19e eeu was",[4] en as hy ook die grootste "seun van Calvyn" genoem was,[5] dan kon iets dergeliks van S.J. du Toit in Suid-Afrika, gedurende die 19e eeu, gesê gewees het. Dit sê veel, want ons het reeds gewys op die aangrypende woorde: "In all places, at all times - from eternity to eternity - Calvinism sees God!"

Sover ons kon vasstel was hy gedurende sy hele leeftyd in die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n byna eensame kampvegter vir die Gereformeerde leer van die vaders gewees.

Hoe sy tydgenote destyds sy pogings in verband met die heropkoms van die Calvinisme in Suid-Afrika bejeën, en selfs sterk geopponeer het, of selfs geïgnoreer het, en wat die teologiese milieu destyds in die Nederduitse Gereformeerde Kerk was, kon ons, weens die omvang van die probleem, nie behandel nie.

Dit sal hopelik in 'n afsonderlike persuitgawe onder die opskrif "Ds. S.J. du Toit in Tydgenootlike Perspektief" hierna aan die orde kom.

Ook op 'n ander aspek van ds. S.J. du Toit se teologiese denke en nalatenskap kon ons in hierdie verhandeling nie ingaan nie.

Dit is sy chiliastiese afwyking van die Gereformeerde kerkleer, wat die eindtoestande en toekomsverwagtinge betref. Dié saak vereis 'n studie op

sigself en sou ons te vêr van ons bestudering van sy triniteitsleer wegvoer.

## Die Vertikale dimensie van die Calvinisme

Alle Godsdiens het met God en die diens van God te doen. Dit geld vir die Gereformeerde Godsdiens in 'n besondere mate, want sy uitgangspunt is die soewereiniteit van die lewende God "uit Wie en deur Wie en tot Wie alle dinge is" (Rom. 11:36).

Ons kon vasstel dat S.J. du Toit, veral ook in hierdie opsig, in 'n besondere mate 'n skrifgelowige Calvinis was.

## Die soewereiniteit van God

Onder die soewereiniteit van God word verstaan dat Hy met sy eie, absolute selfstandigheid en skepperswil die Skepper en Onderhouer van alles in hemel en op aarde is en dat Hy oor alles opperheerskappy voer.

Hierdie vrymagtige soewereiniteit van God was die uitgangspunt van Calvyn se denke en daarin het S.J. du Toit, soos ons kon vasstel, by Calvyn aangesluit.

Aan hierdie almagtige en soewereine God wat alles van oomblik tot oomblik in Sy hand hou, wou Du Toit hom spontaan toewy en daarom was hy ook 'n lojale, uitgesproke eksponent van die fundamentele leerstuk van die uitverkiesende genade van God, waaromtrent hy 'n pennevrug gelewer het, wat die hoogagting van Leon Cachet weggedra het.

Hierdie vertikale dimensie van S.J. du Toit se denke het nie net met die soewereiniteit van God te doen gehad nie, maar met die volsalige Wese van die Godheid self.

## Die Heilige Drie-eenheid

Van die suiwere visie wat S.J. du Toit by die grasie Gods, op die Drie-enige God van hemel en aarde, die Skrif en die Belydenisskrifte ontvang en gepropageer het, het ons met vertedering kennis geneem en kon ons dit maar



net betreur, dat ook ons, wat as dopeling van hom, van jongs af, byvoorbeeld, met sy voortreflike Huiskerk-preekbundel kennis gemaak het, eers op rype leeftyd met die ware rykdom van sy Christologiese, Pneumatologiese en Trinitariese skriftelike nalatenskap terdeë kennis kon maak.

Dit was vir ons 'n belewenis en 'n geestelike verryking.

Op hierdie vertikale dimensie van S.J. du Toit se denke het ons, ons ondersoek na sy algeheel-onbekende Godsleer toegespits.

Dit het dus rondom sy Godsbeskouing of sy suiwer Calvinistiese Drie-eenheidsleer gewentel.

'n Suiwere Calvinistiese Drie-eenheidsleer kan alleen ter sprake kom as daar, soos in die geval van Calvyn, op voetspoor van die Skrif en Christus Jesus self, ook volle erkenning aan die Godheid en die Persoon van die Heilige Gees, sowel as dié van die Vader en die Seun, gegee word.

En dit het S.J. du Toit met oorgawe gedoen, soos ons dit vasgestel het.

In aansluiting by Calvyn het hy voortdurend ook volle erkenning aan die Persoon en werk van die Heilige Gees gegee.

Derhalwe kon hy ook met die grootste spontaneïteit erkenning aan die Heilige Drie-eenheid gee.

In suiwer gereformeerde tradisie het hy die wesenseenheid van God, sowel as die openbaringsverskeidenheid, met absoluut gelykwaardige, relatief-selfstandige persone en werke van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, gehandhaaf.

Daarby het hy ook veelvuldig melding gemaak van die Woord en die Gees, wat hy op eg-gereformeerde wyse, as onlosmaaklik verbonde aan mekaar, beskou het.

Ook vir hom was die Heilige Gees die Auctor Primarius gewees, wat die hele Skrif geïnspireer het.

Saam met Luther kon Du Toit ook sê: soos die asem en die stem of die woord van die mens, onlosmaaklik aan mekaar verbonde is, so is die Pneuma, of die beademing van die Heilige Gees, ook onlosmaaklik aan die Woord van God en die verkondiging daarvan verbonde.

Soos Christus self, op die spontaanste wyse ook die Persoon van die Vader en die Heilige Gees erken het, toe Hy byvoorbeeld aan Filippus gesê het: "Wie My sien, sien die Vader" (Joh. 14:9) en die Gees van die Here is op My" (Luk. 4:18), het Du Toit dit ook gedoen.

Ons kon vasstel dat hy deurgaans op sinvolle wyse die volheid van die onderskeie maar nooit geskeie Persone en werk van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, in die kader van die Drie-eenheid erken het.

Dit alles het hy gedoen met die oog op die verheerliking van die volheid van die Heilige Drie-eenheid, aangesien praktiese godsaligheid ook nie sonder die werk van die Heilige Gees, in die hart van die uitverkorene, gerealiseer kan word nie: "Niemand kan sê: 'Jesus is die Here nie', behalwe deur die Heilige Gees" (1 Kor. 12:3).

**Die inwoning van die Heilige Gees**

Onder invloed van Spurgeon het S.J. du Toit reeds al in sy studentejare besield geraak met die hoof skriftuurlike waarheid wat die godsaligheid van die mens betref en dit is dat die God van die hemel Homself nie net aan die mens geopenbaar het, soos Hy is nie, maar dat Hy Hom in die volheid van Sy liefde en genade ook aan die mens gegee het, om vir ewig in Hom te kom woon (Joh. 14:16).

Saam met sy tydgenoot Andrew Murray, het S.J. du Toit hierdie diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God se liefde, naamlik die inwoning van die God van die hemel in sondaarsharte, probeer peil.

Ook Murray het verklaar dat die besinning oor die vervulling met of inwoning van die Heilige Gees, een van die belangrikste vraagstukke is waarmee daar in die teologie geworstel moet word.[6]



Volgens ons bevinding was dit vir S.J. du Toit - met 'n Augustiniaanse belydenis van "Credo ut intelligam" nie 'n vraagstuk nie, maar 'n heerlike vanselfsprekendheid, 'n fundamentele evangeliese waarheid, 'n groot werklikheid.

Hy het selfs nie ontsien om volgens sy oortuiging sy kerk daaroor te verwyt dat hy hierdie leerstuk, net soos dié van die uitverkiesingsevangelie, veelal in sy prediking verwaarloos het nie.

Du Toit se geesverwantskap met sy groot tydgenoot, dr. Andrew Murray, oor die inwoning van die Heilige Gees, het egter ook verskil van opvattinge daaromtrent tussen hulle opgelewer, soos ons sal sien.

Vir Murray was die inwoning van die Heilige Gees: "The crowning piece of God's redemption work; the most spiritual and mysterious part of the mystery of Godliness".[7]

Dit was ook die strekking van Du Toit se denke omtrent die inwoning van die Heilige Gees.

Hy het geskryf dat die Christelike Kerk met Pinkster tot die kroning van die Christelike feeste en tot die voltooiing van die groot verlossingswerk van die Drie-enige God gekom het.[8]

Net soos Murray was hy besiel met die gedagte van die inwoning van die Heilige Gees by die gelowiges, want Hy kom net om die volheid van Christus en Sy verlossingswerk by die verlostes tuis te bring.

Met die verheerlikte liggaam het Christus opgevaar in die hemel en sal Hy nie weer kom voor Sy wederkoms nie, maar deur die Heilige Gees woon Hy in ons om ons te wederbaar en om ons erfgename te maak van die ewige lewe wat ons verwag.

En waar Murray net soos Du Toit ontsteld was oor die vraag waarom gelowiges wat wel die Heilige Gees het, so min ervaring van die teenwoordigheid van Christus in hulle het, antwoord hy: "They know and honour the Spirit who is in them so little. They have much faith in Jesus who

died, or who reigns in heaven but little faith in Jesus who dwells in them by His Spirit ... we must believe that the Holy Spirit is within us as the presence of our Lord Jesus ... as clearly and sweetly, yea, more truly and mightily than if He were with us on earth."[9] En dan munt Murray uit in ware christelike mistiek waar hy skryf: "There may be a great deal of praying for the Holy Spirit's working, there may be a great correctness in our confession, both in preaching and prayer, of entire and absolute dependence on Him; but unless His personal, continual, divine indwelling be acknowledged and experienced, we must not be surprised if there be continual failure."[10]

Na so 'n intense, persoonlike erkenning en ervaring van die inwoning van die Drie-enige God in sy hart en lewe, het S.J. du Toit ook gehunker. Sy woorde was: "O! Geest van God den Vader, Geest van mijn Verlosser, vloei in, ... beziel mij met het leven Gods, en voer de diepste neigingen en begeerten mijner ziele terug tot God! ... Bereid mij aldus voor den vollen omgang met den Drieëenigen God."[11]

### S.J. du Toit en Murray verskil van mekaar

Die voortreflike van alles wat dr. Murray ook al omtrent die Heilige Gees se inwoning in die gelowiges geskryf het, en wat ds. S.J. du Toit hoog sou waardeer het, moet egter ook gesien word teen die agtergrond van wat as Murray se negentiende-eeuse identiteitsdenke, tussen God en mens, of as die romantiserende in-een-dink van God en mens, bestempel kan word.

Anderssen en Coetzee het breedvoerig hierop ingegaan, daarom verwys ons kortliks na hulle bevindings.

Anderssen skryf: "Ons kry gedurig die indruk by Murray dat hy nie tevrede is om, as hy dit oor die inwoning van die Gees het, te bly by die 'aanraking' nie, maar die pneumatologie as't ware bederf' deur die Heilige Gees, die Gees van ons persoonlike lewe te wil maak. Hierdie opvatting moet sy logiese uiteinde hê in die vereniging van die Goddelike en menslike nature."[12] Hier neem Murray se mistisisme hom te vêr.



Coetzee bevestig dit waar hy skryf: "Wat die inwoning van die Gees in die gelowige betref, het Murray dus veral in twee opsigte die pad van die Skrif en die gereformeerde belydenis verlaat. In die eerste plek leer hy dat die wedergeboorte, geloof en bekering kan plaasvind sonder dat die Heilige Gees in die gelowige woon. En in die tweede plek sien hy die inwoning ten diepste as 'n eenwording van die Goddelike en menslike nature."[13]

Met antroposentriese neigings in sy teologie, het Murray ook geskryf: "The same spirit that was and is in Christ, His inmost self, becomes my inmost self."[14]

Hiervan kry ons niks by S.J. du Toit nie.

Hy sou veeleer by John Owen wou aangesluit het wat geskryf het: "The dwelling of the person of the Holy Spirit in the persons of believers, of what nature soever it be, doth not affect a personal union between them. That which we call a personal union is the union of diverse natures in the same person; and there can be but one person by virtue of this union. Such is the hypostatical union in the person of the son of God. It was our nature He assumed, and not the person of any one."[15]

Dat die persoon van die God van die hemel in die gelowige kom inwoon sonder om persoonlik een met hom te word, was duidelik ook die denkrigting van S.J. du Toit en dit is ook skriftuurlik omdat Christus byvoorbeeld self duidelik tussen die Heilige Gees en die mens onderskei het: Julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees" (Joh.14:17).

### Inwoning van die Heilige Gees - Tese en Sintese

Die fundamentele skriftuurlike waarheid en goddelike gawe van die inwoning van die Heilige Gees het veral uit leerstellige gesigspunt gesien, altyd belangstelling gewek.

Ook in die praktyk het S.J. du Toit hieraan voortdurend aandag geskenk. Die selfopenbarende God was vir hom ook die selfmeedelende God en dit het alles met die inwoning van die Drie-enige God in wedergebore harte te doen.

Maar daar is verskillende fasette in verband met die inwoning van God deur die Heilige Gees, wat deur groot skrifgelowiges onderskeidelik sterk beklemtoon was.

Nou het dit vir ons duidelik geword dat S.J. du Toit, wat so besield was met die voortreflikheid en absolute onontbeerlikheid van hierdie gawe van God, uitmuntend daarin geslaag het om die onderskeie standpuntstelling in verband met die inwoning van die Heilige Gees, tot 'n hoër eenheid en sintese saam te vat.

Hy was as student reeds deur Spurgeon se geskrifte van die fundamentele waarheid van die inwoning van die Godheid in die gelowige deurdrenk gewees en dit het hom lewenslank bygebly.

Maar, net soos John Owen, wat van "a personal inhabitation of the Holy Spirit" geskryf het, het S.J. du Toit ook aan die Persoonlike inwoning van die lewende God, erkenning verleen, en 'n werk oor "De Bedeeling des Geestes" die lig laat sien. Daarby moet egter ook gesê word dat selfs 'n persoonlike inwoning van die Heilige Gees in die hart van 'n gelowige, sonder lewende kontak en kommunikasie met die geredde siel, onbevredigend sou wees.

Daarom is dit merkwaardig dat S.J. du Toit met diepte van insig, tegelykertyd ook die noodsaaklikheid van regstreekse gemeenskap tussen God en mens, soos Calvyn en Kuyper dit sterk beklemtoon het, aangedui het.

**BEVINDINGS**

Om jare lank met ds. S.J. du Toit se teologiese nalatenskap te doen te kon hê, beteken om 'n paar verrassings teë te kom, waarvan met opwinding melding gemaak moet word.

*** Die uitverkiesingsevangelie**

Dit was vir ons verrassend om te kon vasstel dat die geheimenisvolle uitverkiesingsleer vir Ds. S.J. du Toit 'n uitverkiesingsevangelie geword het.

Volgens hom was die Kruis van Christus op Golgota juis die vrug van die uitverkiesing van die soewereine God. As Hy niemand uit die verdorwe



menslike geslag gekies het om gered te word en deel van Sy bruidskerk op aarde te word nie, dan sou Christus ook nie aan die Kruis vir sondaars kom sterf het nie, want niemand sou dan gered word nie.

Dus, geen verkiesing - geen verlossing van die sonde van enigiemand nie.

Die genadige verkiesing van sommige tot die ewige lewe, terwyl andere net gelaat word in die toestand waarin hulle hulle self laat beland het, is soos wanneer die God van geregtigheid in die Persoon van Christus Jesus deur die kerkhof van die sondige verlore mensheid stap en as soewereine God van liefde tog hier en daar en oral uit vrye genade en uit vrye beweging, sommige dood-verlorenes, soos 'n Lasarus van ouds toeroep: "Lasarus, kom uit!" (Joh. 11:43)

Terwyl niemand verdien om tot die ewige lewe opgewek te word nie, red Christus absoluut net wie Hy wil. Daarom kan elke uitverkorene met wie se Gees die Heilige Gees getuig dat hy God se kind is (Rom. 8:16) net weet dat hy bestem was vir die ewige lewe en daarom gelowig geword het. (Hand. 13:48).

***Du Toit en die verantwoordelikheid van siele.**

Toe Christus met 'n harde stem tot Lasarus in die graf geroep het: "Kom uit!" (Joh. 11:43), het Hy tegelykertyd ook aan Lasarus die vermoë, die geloof, die wil, die gawe en die verantwoordelikheid gegee om self uit te kom uit die graf. Ook dit was maar net 'n genade gawe.

Volgens Paulus het hy as uitverkorene ook 'n verantwoordelikheid teenoor ander uitverkorenes gehad, want hy skryf: "Ek het die opdrag ontvang om die uitverkorenes van God tot die geloof te lei en tot kennis van die waarheid. (Tit. 1:1)

Net soos Paulus het Ds. S.J. du Toit ook in dié opsig sy verantwoordelikheid so sterk aangevoel dat daar van hom getuig kon word dat hy die beste opwekkingsprediker van Sy tyd was.

Hy was sterk skriftuurlik - leerstellig, maar ook vurig-evangelies ingestel. Saam met Spurgeon het hy 'n goue middeweg probeer volg. God roep deur sy Gees en Woord, maar die uitverkore siel moet en sal daarop antwoord (Joh. 6:37).

***Eensame kampvegter vir die Gereformeerde leer.**

Ds. du Toit was in sy tyd 'n byna eensame kampvegter vir die oorgelewerde gereformeerde leer van die vaders en het teen alle afdwalinge daaromtrent probeer optree.

***Sintese van beskouings van groot teoloë.**

S.J. du Toit het ten opsigte van die sentrale waarheid van die inwoning van die Heilige Gees in ware wedergeborenes, 'n hoë sintese tussen Spurgeon, John Owen, Calvyn en Kuyper, se beklemtonings omtrent dié waarheid raakgesien en beklemtoon.

Hierdie sintese wat S.J. du Toit raakgesien het, naamlik die inwoning van die Drie-enige God van die hemel in 'n geheiligde sondaarshart, en 'n persoonlike, ewigdurende regstreekse gemeenskap tussen God en mens, kan en moet as die verbysterendste van die hele Pneumatologiese grondgedagte (Jodocus van Lodensteijn) en as 'n heerlike "geweldige werklikheid" (Berkouwer) aangeteken staan.

**Soli Deo Gloria.**

## VERWYSINGS


1 Du Toit, J.D.: a.w., 190.
2 Van der Walt, P.D.: S.J. du Toit, 15.
3 Winckel, W.F.A.: Leven en arbeid van Abraham Kuyper, 90.
4 Venter, Hertzog: a.w. VI, 4.
5 a.w., 16.
6 Coetzee, C.F.C.: Soos hy Murray aanhaal.
7 Coetzee, C.F.C.: Die werk van die Heilige Gees in die Teologiese denke van Andrew Murray, 266. Soos hy Murray aanhaal.
8 Du Toit, S.J.: De Huiskerk, 170.
9 Anderssen, B.J.K.: a.w. 129. Soos hy Murray aanhaal.
10 Coetzee, C.F.C.: a.w., 267.





11 Du Toit, S.J.: De Huiskerk, 203.
12 Coetzee, C.F.C.: a.w., 272. Soos hy Murray aanhaal.
13 Coetzee, C.F.C.: a.w., 271. Soos hy Murray aanhaal.
14 Anderssen: a.w., 138.
15 Goold: a.w. IV, 384.